WEEK 01

04 Januarie 2024

DRUIWE BEMARKINGSVERSLAG

Hierdie tyd van die jaar is ons gewoonlik bekommerd oor die markte en die effek wat die aankomsvolumes en -kwaliteit op die pryse gaan hê. Tans is die grootste kopseer, en bekommernis, egter die verskeping. Ons het laasweek genoem van die One Readiness se vertrek wat tot ‘n mate geraak is deur die probleme in die hawe en dat die Santa Cruz en die Kota Lekas baie vetraag word.

Dinge het nie veel verander nie. Die One Readiness se aankomsdatum in Rotterdam was die afgelope Dinsdag of Woensdag nog die 4de Januarie 04h00 die oggend. Dit het nou al verander na 6 Januarie 23h00 die aand. Dus ‘n verdere vetraging van amper 3 dae. Die feit dat die vertraging “op die water” plaasgevind het, dui daarop dat dinge in die oorsese hawens ook nie heeltemal goed loop nie.

Die groot problem lê egter in die bote wat ons laasweek ook al genoem het. Die Santa Cruz (vir Europa) word tans gelaai. Dit lê egter nou al 15 dae teen die kaai. ‘n Proses wat gewoonlik 3 dae behoort te duur. Die Kota Lekas vir die Ooste het die 3de Januarie gedok, maar het al vanaf die 19de Desember buite die hawe gelê en wag vir ‘n plek om vas te meer. Die volgende skip vir Europa, die Santa Clara, het al die 26ste Desember in die Kaap aangekom, maar lê nou nog buite die hawe en wag om te dok. Die nuutste datum wat die skip gaan dok, hopelik, is 8 Januarie. Die skip is egter alreeds “vol”. Alles wat dus nou gepak word kan nie meer op die skip kom nie en sal oorstaan tot die volgende boot. Die statistieke wat ons weekliks uitstuur oor die verskepings wat aandui watter van jul palette gelaai en verskeep is, is dus vandag nog steeds onveranderd.

Die bedryfsorganisasies is almal besig om met die Regering en die hawe-owerhede te praat om oplossings te vind, maar tans werp dit nie veel vrugte af nie. Een stukkie statistiek spreek boekdele oor die situasie: Kumulatief tot einde week 52 is 20.9 miljoen kartonne alreeds geinspekteer. Kumulatief tot einde week 52 is slegs 9.9 miljoen kartonne verskeep.

Wat wel positief is, is dat die markte oral beter hou as wat voorspel is. Pryse het wel gedaal week op week, maar dit is tans nog steeds op effens hoër vlakke as wat almal gedink het. Die vertragings speel wel ‘n rol hier. Voorts is die bulk van Peru se druiwe gepak, veral in Piura, en hulle is 10 – 15% af op volume. Die probleme in die Rooisee en die gevolglike probleme met die verskeping vanuit Indië, hou ook pryse op hoër vlakke.

Dit het wel in die meeste areas gereën die afgelope week. Sekere kultivars het gebars, maar oor die algemeen is die kwaliteit van die meeste kultivars egter nog

goed. Hoe die vertragings die kwaliteit van die druiwe, wat alreeds gepak is en die wat na die reën gepak is, gaan beinvloed sal ons nog moet sien.

Sterkte met die res van die seisoen..

Groete.

Sapex Span